# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 31 July 1981 — WINDHOEK — Vrydag 31 Julie 1981 — No. 4502

CONTENTS:

Page

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. AG. 97 Promulgation of Labour Promotion Fund Amendment Act, 1981 (Act 10 of 1981), of the National Assembly of South West Africa 1

INHOUD:

Bladsy

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. AG. 97 Afkondiging van Wysigingswet op die Arbeidsbevorderingsfonds, 1981 (Wet 10 van 1981), van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika 1

## Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 97 1981

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 10 of 1981: Labour Promotion Fund Amendment Act, 1981

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 97 1981

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 10 van 1981: Wysigingswet op die Arbeidsbevorderingsfonds, 1981

Act No. 10, 1981 **LABOUR PROMOTION FUND AMENDMENT ACT, 1981**

*(English text signed by the Administrator-General on 21 July 1981)*

# ACT

**To amend Proclamation R.69 of 1975, so as to extend the objects of the Labour Promotion Fund; to alter the constitution of the Labour Promotion Fund Control Board; to extend the powers of the said Board to apply the net annual income of the said Fund; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Substitution of section 2 of Proclamation R.69 of 1975.

1. The following section is hereby substituted for section 2 of Proclamation R.69 of 1975 (hereinafter reffered to as the Proclamation):

" OBJECTS OF FUND

2. The objects of the Fund shall be the promotion in South West Africa of the general labour interests, labour relations, training and education of employees and matters directly connected therewith.".

Amendment of section 4 of Proclamation R.69 of 1975.

2. Section 4 of the Proclamation is hereby amended —

(a) by the substitution in subsection (1) for all the words preceding paragraph (a) of the following words:

" (1) The Board shall consist of the Secretary for Civic Affairs and Manpower or an officer in his department designated by him, who shall be the chairman of the Board, and four other members appointed by the Administrator-General, of whom -";

(b) by the substitution for paragraph (a) of the said subsection (1) of the following paragraph:

" (a) one member each shall be nominated by —

(i) the South West Africa Agricultural Union; and

(ii) the "Chamber of Mines of S.W.A./Namibia",

## WYSIGINGSWET OP DIE ARBEIDS-BEVORDERINGSFONDS, 1981

Wet No. 10, 1981

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 21 Julie 1981)*

# WET

**Tot wysiging van Proklamasie R.69 van 1975, ten einde die doelstellings van die Arbeidsbevorderingsfonds uit te brei; die samestelling van die Arbeidsbevorderingsbeheerraad te verander; die bevoegdheid van genoemde Raad om die netto jaarlikse inkomste van genoemde Fonds aan te wend, uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 2 van Proklamasie R.69 van 1975.

1. Artikel 2 van Proklamasie R.69 van 1975 (hieronder die Proklamasie genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

" DOELSTELLINGS VAN FONDS

2. Die doelstellings van die Fonds is die bevordering in Suidwes-Afrika van die algemene arbeidsbelange, arbeidsverhoudinge, opleiding en onderwys van werknemers en aangeleenthede wat direk daarmee in verband staan.".

Wysiging van artikel 4 van Proklamasie R.69 van 1975.

2. Artikel 4 van die Proklamasie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (1) al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

" (1) Die Raad bestaan uit die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag of 'n beampte in sy departement deur hom aangewys, wat die voorsitter van die Raad is, en vier ander lede aangestel deur die Administrateur-generaal, van wie -";

(b) deur paragraaf (a) van genoemde subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

" (a) een lid elk benoem word deur —

(i) die Suidwes-Afrikaanse Landbou-unie; en

(ii) die "Chamber of Mines of S.W.A./Namibia",

to represent employers of employees in agriculture and mining, respectively;";

(c) by the substitution for paragraph (b) of the said subsection (1) of the following paragraph:

" (b) two members shall be nominated by the Secretary for Civic Affairs and Manpower, of whom one shall represent all other employers and the other all employees.";

(d) by the deletion of paragraphs (c), (d) and (e) of the said subsection (1);

(e) by the substitution in subsection (2) for all the words preceding the proviso of the following words:

" (2) A member of the Board appointed by the Administrator-General shall hold office for a period of three years:"; and

(f) by the deletion of subsection (3).

Amendment of section 7 of Proclamation R.69 of 1975.

3. Section 7 of the Proclamation is hereby amended by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 11 of Proclamation R.69 of 1975.

4. Section 11 of the Proclamation is hereby amended by the substitution therein for all the words preceding paragraph (a) of the following words:

" 11. There shall be paid to every member of the Board, who is not an officer as defined in section 1 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), or in section 1 of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), of the National Assembly, the following:".

Amendment of section 12 of Proclamation R.69 of 1975.

5. Section 12 of the Proclamation is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) The board shall apply the net annual income of the Fund to the achievement of its objects and to the defrayal of the costs in connection with the performance of its functions.".

Amendment of preamble to Proclamation R.69 of 1975.

6. The preamble to the Proclamation is hereby amended by the substitution for the fourth paragraph of the following paragraph:

"And whereas the functions of the Company with regard to the recruitment and distribution of labour are now being performed by the Department of Civic Affairs and Manpower;".

**WYSIGINGSWET OP DIE ARBEIDS-BEVORDERINGSFONDS, 1981** Wet No. 10, 1981

om werkgewers van werknemers in, onderskeidelik, die landbou en die mynbou te verteenwoordig;";

(c) deur paragraaf (b) van genoemde subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

" (b) twee lede benoem word deur die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, waarvan een alle ander werkgewers en die ander alle werknemers moet verteenwoordig.";

(d) deur paragrawe (c), (d) en (e) van genoemde subartikel (1) te skrap;

(e) deur in subartikel (2) al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

" (2) 'n Lid van die Raad wat deur die Administrateur-generaal aangestel is, beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar:"; en

(f) deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 7 van Proklamasie R.69 van 1975.

3. Artikel 7 van die Proklamasie word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 11 van Proklamasie R.69 van 1975.

4. Artikel 11 van die Proklamasie word hierby gewysig deur daarin al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

" 11. Daar word aan elke lid van die Raad, wat nie 'n beampte soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), of in artikel 1 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), van die Nasionale Vergadering, is nie, die volgende betaal:".

Wysiging van artikel 12 van Proklamasie R.69 van 1975.

5. Artikel 12 van die Proklamasie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Die Raad wend die netto jaarlikse inkomste van die Fonds aan vir die bereiking van sy doelstellings en vir die bestryding van die onkoste in verband met die verrigting van sy werksaamhede.".

Wysiging van aanhef by Proklamasie R.69 van 1975.

6. Die aanhef by die Proklamasie word hierby gewysig deur die vierde paragraaf deur die volgende paragraaf te vervang:

"En nademaal die werksaamhede van die Maatskappy met betrekking tot die werwing en verspreiding van arbeid nou deur die Departement van Burgersake en Mannekrag verrig word;".

Act No. 10, 1981

## LABOUR PROMOTION FUND AMENDMENT ACT, 1981

Short title and commencement.

7. This Act shall be called the Labour Promotion Fund Amendment Act, 1981, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

**WYSIGINGSWET OP DIE ARBEIDS-BEVORDERINGSFONDS, 1981** Wet No. 10, 1981

Kort titel en inwerking-treding.

7. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Arbeidsbevorderingsfonds, 1981, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.